### *Mathael praat oor wet en liefde*

**48** **Mathael** sê: "O, daar is nog iets, en dit is taamlik belangrik!

[2] As jy jouself êrens heen moet dwing, en dit bepaald nie net uit liefde doen nie, los dit dan en doen intussen wat jy uit liefde wil doen. Want wat `n mens nie heeltemal uit liefde doen nie, het vir sy lewe weinig waarde, want die liefde is die eintlike bousteen van die lewe, sy is die oorspronklike lewe self.

[3] Daarom is hy wat die liefde aangryp, deur die lewe gegryp en word `n deel van die lewe. Wie die liefde egter nie aangryp nie, en wat die mens slegs doen omdat hy vrees vir uiteindelike kwade gevolge, of vanweë die bietjie hoogmoed wat hy het om by die ander mense as wys aangesien te word, dit word geen deel van die lewe nie, maar van die dood, omdat dit geen bousteen van die lewe in sig het nie, maar `n bousteen van die dood!

[4] Ek sê vir jou: Elke só `n wyse voorskrif het nie die lewe nie, maar die dood ten gevolge as mens dit nie uit liefde navolg nie. En die mees wyse raad lyk soos `n saadjie wat, in plaas van op die goeie aarde, op `n rots val waar dit verdor en vervolgens onmoontlik vrug kan oplewer.

[5] Ek sê dit vir julle, omdat ek dit só sien: Alles in die mens is dood, behalwe die liefde! Laat julle liefde daarom volledig oor julle hele wese heers en voel die liefde in elke vesel van jou wese, dan besit jy in jouself die oorwinning oor die dood en wat dood in julle was, het deur julle toegevoegde liefde oorgegaan in die onvernietigbare lewe. Want die liefde, wat haarself voel en haar deur hierdie gevoel ook herken, is die lewe self, en wat in haar oorgaan, gaan ook in die lewe oor!

[6] Al sou julle my raad hoe presies navolg, dan sou julle weinig daaraan hê as julle dit maar net ter wille van die waarheid wat daarin aanwesig is, sou doen en omdat julle vir kwade gevolge vrees as julle geen rekening daarmee gehou het nie. Dit alles sal op hierdie manier niks vir julle siele oplewer nie. Dit is egter heelwat anders as liefde en waarheid hulle verbind en dan saamwerk. Dan skep die liefde, uit en in die lig van die waarheid, altyd `n nuwe en meer volkome lewe in en uit haarself, totdat dit volkome gelyk is aan dié van Elohim!

[7] Die liefde of die gees van Elohim in die mense is wel in beginsel `n ewebeeld van Elohim, maar dit moet eers weer na die volledige, daadwerklike gelykheid aan Elohim toe groei op die manier wat ek julle nou-net vertel het. - Verstaan julle dit?"

[8] Suetal antwoord nou met `n opgewekte gesig: "By Elohim, die Almagtige! Jy is waarlik een van die grootste profete, want so waaragtig, so verstandig en so wys het nog geen profeet tot sy volk gespreek nie! In jou pinkie het jy meer volmaakte lewe as wat ons almal saam in ons hele liggaam het, of beter gesê, in al ons siele saam. Ja, ja, so is dit, broers! Deur Mathael praat waarlik `n goddelike gees en ons kan Elohim nooit genoeg dank dat Hy ons so wonderbaarlik, mag mens wel sê, bymekaar gebring het nie! O, as jóu wysheid al so aansienlik groter is as die van ons, hoe groot moet die van die aan ons nog onbekende Verlosser uit Nasaret, dan wel wees?!"

[9] Mathael sê: "Wat skitter so helder in `n doudruppel wat aan `n grassprietjie hang?

[10] Kyk, dit is die beeld van die son wat in die deursigtige druppel so wonderbaarlik helder glans! Maar die beeld van die son glans nie net nie, dit werk ook! In die middel van die druppel konsentreer die lig van die beeld van die son, die druppel kry in sy sentrum `n groot lewenswarmte, los homself uiteindelik heeltemal in hierdie lewenswarmte op in die lewenselement en gee aan die plantjie wat met die dood worstel op hierdie manier lewe. Daarom is die beeld in die druppel egter nog lank nie die son self nie, maar slegs `n afbeelding daarvan, voorsien van `n deeltjie met dieselfde krag en uitwerking as die van die werklike, groot son!

[11] Kyk, so `n verskil bestaan daar ook tussen my en die Verlosser uit Nasaret! Hy is die Lewenson self en in my, as doudruppel, heers nou wonderbaarlik helder `n klein afbeelding van die ewige werklike, groot Son waaruit tallose miriades van sulke druppeltjies, soos ons, hul gewyde lewensvoedsel opsuig. - Verstaan jy dit?"

[12] **Suetal** sê: "O Elohim, dit is `n gewyde, verhewe taal! Vriend, jy is al meer as `n druppel, jy is `n hele see! O, so ver sal ons almal dit nooit bring nie, dit is te aangrypend groot, gewyd en verhewe! Maar onder sulke omstandighede en te veel goddelike verhoudinge, gaan ons as nog veels te groot sondaars dit nie waag om langer hier te bly nie, want hierdie plek begin steeds meer en meer apartgestel te word!"

[13] Toe begin die ander elf ook baie nederig te praat en wil hulleself ook heeltemal verder terugtrek, maar Julius laat dit nie toe nie.

[14] Maar **Suetal** sê: "Meneer, toe Moses destyds op die berg na die brandende braambos toe gegaan het om te sien wat daarmee aangaan, spreek `n helder stem vanuit die vlam: 'Moses, trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan is heilig!' Volgens wat daar nou so baie duidelik gesê is, is die Een nou hier wat Moses op die berg aangetref het. Daarom is ook dié plek heilig en ons sondaars is nie werd om dit te betree nie!"

### *Elohim se beeldspraak oor Moses*

**49** **Mathael**, wat daar langsaan staan, sê nou op versoek van Julius, waarop Suetal geen antwoord kan gee nie: "Wie sê dan nou vir julle of julle dit werd is om hierdie plek te betree, en of dat julle dit nie werd is nie? In watter wysgerige boek staan dit geskrywe dat `n sieke nooit `n dokter werd is nie? Luister, dié gedagte van julle is afkomstig van die skaapswysheid van die tempel, wat ook iemand wat met `n hand wat nie heilig is nie, die drumpel van die Apartheid van die aparthede* (aleerheiligste) aanraak, straf deur sy hande in die vuur te laat verbrand! Maar as die hoë fariseërs teen ryklike betaling heimlik in daardie selfde Apartheid van die aparthede elke dag vreemdelinge rondlei en hul

alles laat sien en geskiedkundig uitlê, dan word die hande van die vreemdes helaas nie in die vuur gehou nie! *(allerheiligste deel van die tabernakel)*

[2] Wat wou Elohim eintlik aan Moses duidelik maak toe Hy hom sy skoene laat uittrek?

[3] Wel, Elohim sê daardeur vir Moses: 'Maak jou los van die liggaamlike en sinnelike, gebruik jou wil om jou te distansieer van die ou, vleeslike Adam en staan as `n suiwer geestelike mens voor My, anders sal jy My Stem nie kan hoor en Ek jou nie tot leier van My volk kan maak nie!'

[4] Maar wat beteken die klim van die berg dan?

[5] Kyk, Moses het gevlug vir die vervolging van die Farao omdat hy `n hoë beampte van die koning vermoor het wat vir die koning soos `n seun was.

[6] Moses was hoog aangeskrewe by die Farao, sodat dit selfs `n ernstige vraag was of hy nie, net soos Josef, die heerskappy oor Egipte sou kry en so sy volk sou verhef nie.

[7] Hierdie omhoog strewe toon Elohim hom in die woestyn deur die klim van die berg, waarvan hy die top egter nie mag bereik nie, want die brandende braambos verhinder hom dit.

[8] En in ons woorde word daar verder gesê: 'Jy sal wel die redder van My volk word, maar nie op die wyse soos wat jy dit dink nie, maar soos wat Ek, JaHWeH jou Elohey, dit vir jou sal uitstippel!

[9] Jy sal geen koning van Egipte word nie en My volk, wat Ek tot nou toe in nederigheid vir My opgevoed het, sinnelik, selfingenome en arrogant maak nie, maar die volk moet die land verlaat en saam met jou hierdie woestyn intrek! Daar sal Ek die volk wette gee en Ek Self sal Meester en Leier van die volk wees en as hulle aan My trou sal wees, sal Ek hulle die land van Salem gee, waar melk en heuning in die spruite vloei!'

[10] Kyk, in die sin van die beeldspraak van toe, wou Elohim vir Moses sekerlik nie sê dat hy sy voet-bekleding werklik moes aflê nie, (skoene moes uittrek nie) maar dat hy die ou Adam, of te wel die begeerlikheid van die uiterlike, sinlike mens moes aflê. Want dit staan in dieselfde verhouding tot die eintlike lewensmens net so, soos die skoene aan die voete van `n mens, wat ook die onderste, uiterste, en laaste is, en die eerste is waarsonder die mens kan gaan.

[11] Die plek wat Elohim apartgestel noem, het betrekking op die toestand van die siel, wat baie nederig moet wees omdat dit andersins nie kan bestaan voor die aangesig van die Ewige Liefde nie, want Sy is `n ware vuur van die lewenselemente.

[12] Die brandende doringstruik is `n teken dat die weg van die profeet met baie dorings besaai sal wees. Maar sy groot liefde tot Elohim en sy broers, wat hy as `n vlam bo en deur die hele doringstruik laat sien, sal die punte van die dorings verskroei en daarna die hele, stekelige struikgewas verteer en `n pad sonder dorings baan.

[13] Kyk, dit is die betekenis van dit wat julle nou net aangehaal het! As julle dit weet, hoe kan julle dan `n aardse plek meer of minder heilig noem?

[14] Trek julle ook julle wêreldse skoene heeltemal uit en verootmoedig julle in alle lewensopsigte, dan sal julle ook net so waardig hier staan soos ons. Want ons almal hier is as mense heeltemal gelyk voor Elohim en voor die Een wat hier is, en niemand word bo die ander voorgetrek nie!"

[15] Nadat **Suetal** hierdie woorde van Mathael gehoor het, sê hy: "Ja, as jy eenmaal so tot oorlopens toe vol wysheid is, kan jy wel baie maklik sonder vrees wees. `n Siende kan nou eenmaal maklik voorwaarts gaan, maar `n blinde moet vooraf altyd uitsoek of sy volgende stap wel veilig is en ondanks alle versigtigheid en onophoudelike onder-soekende behoedsaamheid, stamp hy tog altyd êrens teen iets. Maar as jy `n wegwyser het, soos wat jy, liewe broer Mathael, een is, dan kan `n mens as stokblinde ook nog vooruit kom! O, nou sal ons wel bly, en ons buitengewoon verheug om so spoedig moontlik nader kennis te maak met Hom waaroor jy om voor die hand liggende redes so `n uitstekende getuienis gegee het!"

[16] **Julius** sê, terwyl hy Mathael vriendelik die hand druk: “Ewige dank aan die Meester wat jou en jou vier broers so geweldig genees het! Wat het ek nou nie al alles van julle geleer nie en so helder en goed verstaanbaar, - en ek merk by myself op dat dit nou behoorlik begin dag word in my siel en as dit so aangaan, hoop ek om binnekort ook in jou voetspore te tree!"

[17] **Mathael** sê: "Iets anders sou ook gladnie kon werk nie! Want daar is maar één Elohim, één Lewe, één Lig, één Liefde en maar één ewige Waarheid; ons lewe hier op aarde is die weg daarheen. Uit die liefde en uit die lig het ons deur die wil van die Ewige Liefde in Elohim voortgekom om `n selfstan-dige liefde en `n selfstandige lig te word; en dit kan ons doen, dit moet ons doen!

[18] Maar hoe? Kyk, geëerde broer: slegs deur die liefde tot Elohim en deur haar nooit versakende werksaamheid! Want ons liefde tot Elohim is die Liefde van Elohim Self in ons en Sy lei ons siel in die altyd verhoogde bedrywigheid van die ware, ewige lewe, wat Self die algehele Waarheid en die helderste Lig is. As dit dus in `n mensesiel begin dag word, dan is sy al digby die ewige lewensdoel en kan onmoontlik nie meer iets anders as die doel van die ewige lewe bereik nie en dit is alles wat die volmaakte lewe in alle vryheid en totale selfstan-digheid ooit sal kan bereik!

[19] Wees daarom bly en opgewek, geëerde broer, weldra sal ook u siel die Een te siene kry wat myne nou in steeds helderder lig sien! Sodra dit volledig dag sal word in u siel, sal u die grootheid besef van die Een wat u nou nog sonder skroom die 'Verlosser van Nasaret' noem.

[20] As mens is Hy gelyk aan u en my - maar Sy Gees! Dit deurdring met Sy Krag en met Sy Lig die ewige oneindigheid! - Het u, geëerde broer, my verstaan?"

[21] **Julius** sê, tot trane bewoë: "Ja, liewe en eintlik baie hoër staande broer as ek. Waarlik, van liefde sou ek jou haas kon dooddruk en die Verlosser JaHshua uit Nasaret kan ek nou gladnie meer sonder trane van liefde aankyk nie en ek verstaan nou eers die groot liefde van daardie meisie, wat byna nie meer van Hom weggeslaan kan word nie!"

[22] **Suetal** sê: "Goddank, nou sal dit nie so moeilik meer wees om Hom te herken nie! Ons hoef maar net te kyk by wie daardie bepaalde meisie haar bevind, dit sal Hy wees!" – Daarna let hulle op.